




Hervormde Teologiese Kollege

Toerustingskursus

vir

Ouderlinge



Hersiene weergawe 2010

VOORWOORD

Hierdie inligting word vir ouderlinge beskikbaar gemaak en vorm die basis van wat ons hoop 'n deurlopende toerustingsprogram in gemeentes en ringe sal wees. Daar bestaan lank reeds 'n behoefte aan sodanige inligting, en ons vertrou dat dit met entoesiasme ontvang sal word. Natuurlik is dit nie 'n eerste poging nie. Ons bou hierin voort op die Ouderlingtoerustingsprogram wat 'n vorige Raad vir Ouderlinge saam met die destydse KITAL uitgegee het.

Ons beleef egter verandering en veranderende tye – ook op die terrein van ons kerkwees en die eise wat aan ouderlinge gestel word. Daarom is daar indringend gekyk na eise wat in die huidige tyd aan ouderlinge gestel word. Hierdie pakket vorm deel van die basis en vertrekpunt waarmee ons dink ouderlinge die uitdagings tegemoet kan tree.

Daar is ook in ons Kerk op wyer terrein aandag gegee aan wat vir die toekoms die basis kan vorm van toerusting. Dit begin met hoe ons dink oor KERK en hoe ons die roeping van kerkwees gaan uitleef. Ons wil op grond van die geloof en binne die raamwerk van hoe ons in die Hervormde Kerk dink oor kerkwees, die ouderlingkorps toerus vir uitdagende tye wat ook vol geleenthede vir die Kerk is om ons lidmate in die geloof te begelei en om die nood van die wêreld rondom ons raak te sien. Hierdie pakket is dus in lyn gebring met wat deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering beskikbaar gestel is as 'n basispakket vir ouderlinge.

Ons vertrou dat hierdie die begin sal wees van nog baie ander inligtingstukke wat vir ouderlinge beskikbaar gemaak kan word. Ons wil egter hiermee die gesprek onder ons ouderlinge en in die gemeentes verder stimuleer sodat ons eers met mekaar sal praat oor GELOOF en oor die ROEPING van kerkwees in die wêreld.

Die uitdagings vir die Kerk is baie en groot. Ons ouderlinge het in hierdie saak 'n wesenlike rol om te vervul om die gemeentes voor te gaan en te lei sodat ons waarlik en al hoe meer kerk van Christus kan wees.

Baie sterkte met die groot taak en heerlike voorreg.

Komitee vir Presbiteraat / Raad vir Pastoraat en Presbiteraat

(Uitgegee in samewerking met die Hervormde Teologiese Kollege)

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
Module 1:	Ouderlinge in die kerk van Christus	1
Module 2:	Ouderlinge se geloofslewe	7
Module 3:	Wat sê ons Kerkorde?	11
Module 4:	Die rol van die ouderling in die gemeente	13
Module 5:	Kommunikasie	15
Bylae A:	Toerusting: Offergawes	A1
Bylae B:	Waarvoor gee ons offergawes?	B1
Bylae C:	Toepaslike Skrifgedeeltes en gebede	C1



MODULE 1

Ouderlinge in die kerk van Christus

1.1 Ouderling en kerk

Om die belangrike rol en groot verantwoordelikheid van die ouderling reg te verstaan, is dit noodsaaklik dat ons ook iets van die kerk van Christus moet verstaan. Ouderlinge is tog deel van die kerk en dit is in die kerk dat hulle geroep word om hul dienswerk te verrig. Die kerk is in besondere opsigte anders as enige ander vereniging of klub of menslike assosiasie. In die kerk geld nie wat mense uitdink as hul handves/konstitusie of riglyne nie. Dit gaan nie in die eerste plek oor hul uitgangspunte, ideologie of sentimente nie.

In die kerk word gevra dat 'n mens inval onder die regering van Jesus Christus. Dit is sy kerk, of anders gesê, dit sy liggaam wat op grond van sy dood en oorwinning voortgaan met sy saak in die wêreld.

Ouderlinge word geroep om Jesus Christus se kudde op te pas en te dien sodat die kerk waarlik kerk van Christus sal wees. Maar nou is Christus nie meer sigbaar by sy kerk teenwoordig nie. Hy sit – soos ons bely – aan die regterhand van God. En tog is Hy volgens sy belofte ook teenwoordig by sy kerk. Hy is teenwoordig en Hy regeer deur sy Woord en deur die Heilige Gees.

Daarom kan ons nie by 'n ander punt begin wanneer ons oor die rol van ouderlinge praat, as om saam te dink en te bid oor wat die Here se bedoeling met sy kerk is nie.

Ons beskouing van kerk

(a) God se reddende ingryping

Die evangelie leer ons dat God deur Jesus Christus ingegryp het om mense met God te versoen sodat hulle as kinders van God kan lewe.

Hierdie boodskap van God se verlossende daad word deur die verkondiging van die Woord die wêreld ingedra, en waar die Gees van God werk, kom mense tot geloof. So kom daar 'n geloofsgemeenskap tot stand wat ons die *kerk van Christus* noem.

Die kerk kom dus tot stand op grond van God se onbegryplike liefde en magtige verlossingsdaad uit genade. Ons vind die kerk waar mense –

- **deur die evangelie aangegryp is**
- **deur die Gees tot geloof beweeg word**
- **in gemeenskap met God en**
- **in gemeenskap met mekaar lewe.**

Ons kan ook sê die kerk kom telkens tot stand waar die Woord verkondig word en waar die Gees die geloof wek en versterk. Die erediens is so 'n ontmoetingsgebeure waar God die gemeente ontmoet. Die kerk moet dus nog altyd weer word wat dit in Christus reeds

is. Die kerk word telkens en weer opnuut kerk deur die Woord en Gees. Ons moet dus ook oor die kerk dink as dinamiese **gebeure**.

Ons kan oor die kerk dink soos wat die Geloofsbelydenis (Twaalf Artikels) ons leer. Dan bely ons dat die kerk –

- een
- heilig
- Christelik en
- algemeen is.

Ons kan ook oor die kerk bely wat die Nederlandse Geloofsbelydenis onder woorde bring. Die kerk is daar waar –

- die Woord reg verkondig word
- die sakramente bedien word
- die opsig uitgeoefen word.

Die belydenis sal altyd die raamwerk en norm vorm van hoe ons oor die kerk dink. Dit sal egter nie wegneem nie dat die kerk altyd weer moet word selfs wat ons daarvoor bely. Die kerk leer, en groei steeds na Christus toe wat die enigste Hoof van die kerk is.

Die kerk behoort nie net aan God deur Christus nie, maar is ook Christus se liggaam in die wêreld. Dit beteken die kerk is *in diens van God*. Die gemeente van die Here is 'n geloofsgemeenskap met 'n besondere voorreg om aan die Here te behoort en daarom ook met 'n besondere opdrag om aan die Here se saak met die wêreld deel te neem. Die kern van hierdie opdrag kan ons seker soos volg saamvat:

Die kerk is kerk in die mate waarin sy die verlossingsdade van God met mekaar deel en aan die wêreld verkondig deur woord en daad
(ons noem dit die *missio Dei*).

Kom ons stel dit ook vanuit 'n ander hoek so: Die doel waarvoor God mense in 'n ontmoetingsgebeure betrek deur die Woord en Gees is die volgende:

**Mense (gelowiges) sal lewe saam met God / in God se teenwoordigheid
(*coram Deo*) en
Mense sal lewe in diens van God (*missio Dei*).**

God het uit genade gekies om by mense teenwoordig te wees, en so word hulle deel van sy gemeente. Gelowiges antwoord daarop deur hul toewyding aan God en hul diens aan mekaar en aan die wêreld.

So 'n verstaan van waaroor dit gaan in ons kerkwees is van die allergrootste belang vir die verstaan van ons roeping en dienswerk as gelowiges. Dit is van wesenlike belang vir ons verstaan van die *roeping van ouderlinge*.

Ons nadenke oor die kerk en die amp, en die handeling wat daaruit voortspruit, mag daarom nooit selftevrede raak of stagneer nie. Ons moet voortdurend opnuut luister na

die Woord, en gelei word deur die Gees om te hervorm en doelmatig aan te pas by die behoeftes van elke geslag.

(b) Die geloofshandeling van die gemeente

Wat die bedieningspraktyk van die gemeente betref, gaan dit in die gebeure van kerkwees om die **heilshandeling van God** (deur sy Woord en Gees) hier en nou in sy gemeente en in die wêreld, en om die **geloofshandeling van die gemeente** in diens van God.

Vir die bemiddeling van die heil in Christus vir die wêreld, gebruik die Heilige Gees die geloofshandeling van die gemeente. Ons lees in verband met die Pinkstergebeure dat mense, vervul met die Heilige Gees, deur God in diens geneem word om God se doel met die wêreld te bereik. Die boek Handeling vertel die boeiende en byna ongelooflike verhaal van hoe die aktiwiteit van die Gees en die aktiwiteit van mense saamvloei in een beweging waardeur die evangelie van Jesus Christus die wêreld ingedra word. Dit het geweldige implikasies vir die geloofshandeling en bediening van die geloofsgemeenskap. Die gemeente is daarom 'n gemeenskap van gelowiges wat met die Heer en met mekaar, asook met die samelewing waarbinne dit leef, in 'n voortdurende dialoog en 'n duursame verhouding verkeer. Deur die handeling van die gelowiges, dus deur woord- en daadgetuieis, kommunikeer die gemeente die blye boodskap van God se liefde en genade met mekaar en die wêreld.

Hierdie ontmoetingsgebeure tussen God en sy gemeente kristalliseer uit in die volgende basiese geloofshandeling en geskied in die verskillende handelingsvelde van die gemeentelike bediening:

- Die **viering (leitourgia)** van die heil in Christus tot **verheerliking** van God. Dit geskied deur lofprijsing en aanbidding in gemeenskap met God en mekaar. Dit konkretiseer in die erediens van die gemeente, maar ook die lewe van gelowiges moet gekenmerk word deur lof en aanbidding as *ere-diens* van die lewe.
- Die **betuiging** van die heil in Christus deur **verkondiging (kerugma)** en **getuieis (marturia)** en **onderrig (didache)** of **lering**. Dit alles geskied deur die verstaan van die Skrif, die internalisering en oordra van die inhoudelike waarheid daarvan deur prediking, die bediening van die sakramente, persoonlike getuieis, evangelisasie / sending. Onderrig en lering in die Woord en leer van die kerk tot geloofsopbou en lewensvorming geskied veral deur die verskillende vorme van kategetiese onderrig, toerusting en leerprediking.
- Die **deling (koinonia)** van en **versorging (paraklese)** in die heil in Christus deur geestelike versorging en ondersteuning, vermaning en tug soos nodig. Die tersaaklike handelingsvelde is onderlinge geestelike sorg deur alle gelowiges spontaan en in kleingroepverband, formele pastorale sorg deur ampsdraers – veral tydens huisbesoek aan enkelinge en gesinne, toegespitste pastorale sorg aan byvoorbeeld jongmense en bejaardes, asook pastorale berading. Die opsig en tughandeling van die toepaslike vergaderings van die ampte is ingebed in hierdie pastorale sorghandeling.
- Die **bediening (diakonia)** van die heil in Christus deur opofferende **liefdesdiens en hulpverlening aan alle mense**. Die dienswerk van alle gelowiges in die gemeente en wêreld verkry ook 'n besondere toespitsing in die barmhartigheidsdienswerk in die gemeente en die wêreld.

Dit gaan dus om –

- wat die gemeente glo (didache)
- wat die gemeente is (koinonia)
- wat die gemeente bid (leiturgia)
- wat die gemeente sê (kerugma) en
- wat die gemeente doen (diakonia).


Vir die ontwikkeling en verryking van die gemeentelike bediening is hierdie perspektiewe van groot belang. As ons byvoorbeeld sou vra na die verryking van die erediens of die ontwikkeling van die kategeese, sal nie net die geloofshandeling van viering en onderrig ter sake wees nie, maar sal ons telkens moet vra hoe al die geloofshandeling in hierdie betrokke bediening tereg kan en moet kom.

Verder moet die unieke funksionele identiteit van die gemeente as handelende geloofsgemeenskap ook altyd helder voor oë staan in ons nadenke oor die kerk en bedieningsontwikkeling. Dit sal telkens die kriteria moet wees as ons wil toets of die bediening en ontwikkeling van die gemeente tot eer en verheerliking van God geskied. Hierdie funksionele identiteit word verstaan in terme van die klassieke belydenis oor die kerk ooreenkomstig die Apostolicum (een, heilige, algemene, Christelike kerk) en die Belydenis volgens Nicea (een, heilige, algemene, apostoliese kerk).

Die bedieningstrategie en lewe van die gemeente sal telkens aan die kern van hierdie belydenis getoets moet word, naamlik:

- **Eenheid:** dit is die saambindende faktor van die liefde van Christus wat so konkreet moet word dat dit samehangende verbande skep oor geografiese, kulturele, etniese en sosiaal-politieke verskille heen.
- **Heiligheid:** dit is die andersoortige uniekheid van die kerk in die lig van die waarheid aangaande die heil in Christus. Dit beteken dat die gelowiges as kerk aan God behoort en daarom toegewyd moet wees aan hul roeping tot diens aan God.
- **Algemeenheid (katolisiteit):** dit is die wonderlike werklikheid dat die dissipelgemeenskap van almal wat in Jesus Christus glo, alle natuurlike en historiese grense transendeer en relativeer, terwyl vasgehou word aan die waarheid dat alle Christelike kerke in hul verskeidenheid en lokaliteit 'n algemene kernbelydenis van hul geloof met mekaar deel.
- **Christelikheid (apostolisiteit):** dit is die gehoorsaamheid van die kerk aan die Skrif as die volheid van die waarheid en die roeping om hierdie heilsboodskap, in kontinuïteit met die eerste gemeente, na alle mense uit te dra. Die kerk is op Christus gebou en is vir kennis aangaande Hom afhanklik van die getuienis van die apostels wat ons in die Nuwe Testament het.

Ons kan dit skematies so voorstel:



Samevatting

Hierdie is 'n samevatting van wat in die module omskryf en in die diagram uitgebeeld word. Die saak waaroor dit in die sentrum gaan, is die geloofslewe of spiritualiteit.

- Die kerk is kerk op grond van God se genadige ingryping. Jesus Christus se lewe, dood en opstanding is hoe God in groot liefde ingegryp het sodat mense in die regte verhouding met God kan lewe.
- Daar kom 'n gemeente van Christus tot stand waar gelowiges op God se genade antwoord deur saam te kom rondom die verkondiging van die Woord (die leer van die apostels), waar die sakramente gevier word (brood gebreek word), en waar die gemeenskap van die gelowiges vorm aanneem in die onderlinge diens.
- Hierdie gemeenskap van die volgelinge van Christus word genoem Christene en hulle is ook die liggaam van Christus in die wêreld. Daarom leef hulle as getuienis ook teenoor die wêreld. Hulle leef in die teenwoordigheid van God (*coram Deo*) en word deel van God se besig wees met die wêreld (neem deel aan die *missio Dei*).
- Ons kan vanuit verskillende hoeke 'n definisie gee van wat en wie die kerk is:

Saam met die **Twaalf Artikels**: Ons glo een ('n) heilige, algemene en Christelike kerk.

Saam met die **Nederlandse Geloofsbelydenis**: Die kerk is daar waar die Woord reg verkondig word, die sakramente bedien word volgens die instelling van Christus, en die opsig en tug beoefen word.

Ons kan ook vra wat die kerk doen om kerk te wees en 'n **funksionele definisie** van die kerk seek. Dan kan dit so saamgevat word:

Die kerk vind ons waar mense God aanbid, waar die verlossing deur geloof betuig of verkondig word en mense geleer word, waar die onderlinge diens aan mekaar en aan die wêreld gebeur, en waar mense met mekaar die vrug van die geloof deel en gemeenskap tot stand kom.

MODULE 2

Ouderlinge se geloofslewe

2.1 Agtergrond van ons geloofslewe

Dit is vreemd hoe baie van ons Hervormers nog huiwerig is om te praat oor hul geloofslewe. Dit is soms veral 'n probleem wanneer mense moet antwoord op die direkte vraag: Hoe lyk ons verhouding met God? Ons hoor antwoorde soos: Ek probeer maar my bes; ek lees darem gereeld nog my Bybel of gaan darem redelik gereeld kerk toe; ek doen aan niemand enige kwaad nie. Wat die eindoordeel betref, hoop ons dikwels maar vir die beste en stel ons dat ons op God se genade vertrou. Dit is goed en reg om op God se genade te vertrou, maar ons hoef nie so vaag daarvoor te wees dat ons nie vir onself die vraag kan antwoord of ons seker is dat ons kinders van God is nie.

2.2 Geloof en vryspraak

Kom ons dink vir 'n oomblik saam oor hierdie belangrike saak van *geloofsekerheid* en wat die uitwerking daarvan op ons lewe van elke dag is, en uiteindelik ook vir ons roeping as gelowiges (en natuurlik as ouderlinge).

Die saak kan seker uit verskillende hoeke benader word, maar een begrip wat beslis help om ons perspektief te vorm, is die Bybelse gedagte van die **vryspraak**. Kom ons lees net weer wat Paulus daarvoor skryf in die brief aan die Romeine:

Romeine 3: 23, 24

Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.

Romeine 3: 26

Hierdeur het God getoon wat sy vryspraak behels: Hy het die sondes wat Hy voorheen in sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe. Maar Hy het ook getoon wat sy vryspraak in die teenswoordige tyd behels: Hy oordeel regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo.

Romeine 5: 8, 9

Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word.

2.3 Riglyne vir ons geloofslewe

Die volgende stellings kan op grond van hierdie en ander Skrifgedeeltes gemaak word:

- Alle mense is van nature sondaars en ver van God af. Daarom is naasteverhoudings ook heeltemal versteur en verkeerd.

- 'n Mens kan niks doen om hierdie verhouding met God reg te stel nie, al probeer jy hoe hard om goed te lewe.
- Sonde verdien om gestraf te word deur die regverdige God.
- Die straf wat op die sonde rus, is die dood (selfs ewige dood).
- God het die sonde gestraf. Jesus se dood word verstaan as God se oordeel oor of straf van die sonde.
- Nou beteken Jesus se dood genade of vrypraak vir almal wat in Jesus Christus glo!

Dit is mos die evangelie of blye boodskap wat oor en oor aan ons verkondig word en wat ons almal ken. Maar die vraag is of ons waarlik daaruit leef. Die vraag kan ook anders gestel word: of ons dit regtig glo? Dit is 'n baie persoonlike vraag: Glo jy dat jy geheel en al vrygespreek is op grond van God se genade en deur die lewe en dood van Jesus Christus? Glo jy dat jy so in die regte verhouding met God herstel is? En het hierdie herstellende verhouding met God ook vir jou duidelike implikasies vir hoe jy oor jouself, jou naaste en die wêreld dink? Raak dit jou totale lewe?

In die taal wat ons ken en elke dag lees, is die begrip *vrygespreek* taal wat in 'n hof gebruik word. Wanneer die beskuldigde in 'n hof aangekla is van 'n oortreding en die hof bevind so 'n persoon onskuldig, word hy of sy vrygespreek. Wanneer ons in God se hof aangekla sou word, sou ons skuldig bevind moes word. Maar ons advokaat of pleitbesorger is Christus. Hy tree so vir ons in dat ons skuld op Hom neerkom, en dan word ons:

Vrygespreek!

Kom ons gaan toets jou antwoorde op die vrae hierbo aan 'n paar wesenlike implikasies:

- As 'n mens jou sondes voor God bely het en die *vrypraak* ontvang het (God se genade en Christus se dood), mag jy nie meer toelaat dat skuldgevoelens jou lam maak sodat jy nie voluit in die geloof kan lewe nie. Jy sê nie iets oor jou eie onvolmaaktheid as jy jou laat lamlê deur sondes nie, jy sê eintlik Christus se offer was nie genoeg om jou volkome te red nie.
- Wanneer jy hierdie *vrypraak* aanvaar het, hoef jy God nie meer te vermy omdat jy skaam of bang is nie. Al maak ons nog foute, vlug ons nie weg van God af nie. Ons troos is juis by God, want Christus het vir ons gesterf *toe ons nog sondaars was*.
- Hierdie onbegryplike liefde van God wat die skuldlas van ons skouers weggevat het, gee ons die vrymoedigheid om die pad saam met God en in diens van God te loop. Ons kan nie anders nie. Ons is oorweldig deur 'n diepe dankbaarheid vir God se oneindige liefde.
- Die mens wat diep bewus geword het van eie gebrokenheid en oorweldig is deur God se *vrypraak*, het nou ook begrip vir ander mense se onvolmaaktheid en sondes. Iemand wat God se liefde, verdraagsaamheid en vergifnis ken, kry daaruit die motivering en krag om ook medemense te kan liefhê, verdra en vergewe.

- Hierdie liefde van God en die *vryspraak* wat ons ontvang, maak dit moontlik dat ons positief – opbouend, vriendelik, geduldig en ondersteunend – teenoor ander kan optree.

Dit maak dit vir ons moontlik om waarlik as ouderlinge te kan optree. Miskien is dit waarom dit eintlik gaan in die herderlike versorging van die kerk: om soos die groot Herder, Christus, en met God se liefde, by ander mense persoonlik betrokke te raak met die oog daarop dat hulle in die geloof gevoed en versterk sal word.

MODULE 3

Wat sê ons Kerkorde?

Ouderlinge:

- Doen hul dienswerk in ooreenstemming met die beloftes afgelê by bevestiging en soos bepaal in die Kerkorde.
- Bestudeer gereeld die Bybel en dink na oor die aard en inhoud van die geloof aan die hand van die belydenisskrifte, sodat hulle hul taak behoorlik kan verrig.
- Besoek minstens voor elke Nagmaal al die gesinne, lidmate en ampsdraers in die bepaalde wyke om Bybel te lees, te bid en 'n kerklike gesprek te voer.
- Besoek jaarliks saam met die predikant al die gesinne en lidmate, soos met die ouderlingevergadering ooreengekom.
- Besoek en ondersteun al die gesinne en lidmate wat in beproewing verkeer of probleme ondervind, indien nodig saam met die diaken of predikant.
- Besoek nuwe intrekkers.
- Spoor die kinders van hul wyke aan en sorg dat hulle eredienste, kategese en die aktiwiteite van die gemeente bywoon.
- Gee self ook kategese waar nodig.
- Bevorder die opvoeding van die kinders van die Kerk en die volk.
- Sorg vir die voortgesette toerusting van jong lidmate en moedig hulle aan om by die dienswerk van die gemeente betrokke te raak.
- Evangeliseer kerkvervreemdes en kerkloses.
- Lei lees- en begrafnisdienste indien nodig.
- Is medeverantwoordelik vir die ordelike bestaan van die gemeente.
- Is saam met die diakens verantwoordelik vir die insameling van offergawes.
- Doen konsistoriegebede en lees die wet en belydenis voor tydens eredienste.
- Stel 'n voorbeeld aan die gemeente deur self eredienste getrou by te woon en deel te neem aan die sakramente, huisgodsdienst te hou, en die Woord van God ywerig te bestudeer en daarvolgens te lewe.
- Woon ouderlingevergaderings, kerkraadsvergaderings, gemeentevergaderings en gemeentelike byeenkomste by.

3.1 Ouderlingswerk en die geloofshandelinge van die gemeente

Kom ons oorweeg die aspekte van die ouderlingswerk in die lig van wat hierbo aangedui is as die geloofshandelinge van die gemeente. Ons het ook gesien dat dit in die sentrum

eintlik gaan om die geloof of spiritualiteit van die gemeente. Met ander woorde, dit gaan om die lewe in die teenwoordigheid van God en 'n lewe in diens van God.

Kyk of jy die volgende aspekte ook so onderskei :

Ouderlingswerk	Kerkordebepalings	Geloofshandeling
Eie geloofslawe Persoonlike spiritualiteit	2.3.1 / 2.3.2 / 2.3.16.1 / 2.3.16.2	Lewe voor of in diens van God
Besoek die kudde	2.3.3 / 2.3.4 / 2.3.5 / 2.3.6 / 2.3.14	Diens of deling
Versorg die jeug Kategese	2.3.7 / 2.3.8 / 2.3.9 / 2.3.10	Betuig of verkondig Onderrig
Dra die evangelie uit	2.3.11 / 2.3.6	Betuiging of deling
Betrokkenheid by eredienste	2.3.12 / 2.3.15 / 2.3.16.1 / 2.3.16.2	Lof Verheerliking van God
Orde Instandhouding	2.3.13 / 2.3.14 / 2.3.16.3	Instandhouding Sorg

3.2 Waar gebeur die geloofshandelinge van die gemeente?

Elkeen van hierdie wesentliche geloofshandelinge van die gemeente – waaronder 'n gemeente nie waarlik kerk van die Here kan wees nie – moet op die een of ander wyse in die gemeente aandag kry. Dit moet iewers prakties gebeur.

Voorbeeld

Kerkorde 2.3.6: Besoek nuwe intrekkers

Ons het dit ingedeel onder twee aspekte, naamlik betuiging en deling. Dit verteenwoordig dus twee van die wesentliche geloofshandelinge van die gemeente. Ons dra sorg dat die nuwe intrekkers in ons gemeente of wyk saam met ons die Here wil dien omdat hulle die evangelie ken, en ons sorg dat hulle tuiskom en tuis voel in ons gemeente sodat hulle saam met ons iets van die gemeenskap van die geloof kan ervaar.

Die vraag is nou: Hoe doen ons dit prakties as ouderlinge in ons gemeente?

Sorg die ouderlinge dat daar by die eredienste 'n manier is om nuwe intrekkers op te vang, raak te sien, te verwelkom? Is daar 'n sisteem saam met 'n diensgroep om aanmeldings op te volg met 'n besoek en met 'n gesprek, 'n gemeenteprogram, 'n wykseleentheid of wat ook al anders, om hulle te laat tuisvoel en in te skakel in die gemeente?

Oefening

Die ouderlinge kan gerus 'n keer hierdie oefening doen om elkeen van die bepalings van die Kerkorde hierbo te neem en dan elkeen van die geloofshandelinge wat aangedui is, te verfyn met die praktiese stappe wat vereis word om dit uit te voer. Daardie praktiese wyses wat ons ontwikkel om dit regtig te laat grondvat, word ook soms genoem (soos hierbo in Module 2.1) die **handelingsvelde**.

MODULE 4

Die rol van die ouderling in die gemeente

Die veranderde en veranderende situasie

Oor hierdie saak word baie gepraat en geskryf. Kom ons kyk net na 'n paar implikasies vir die rol van ouderlinge in die gemeente.

- Huisgesinne en families leef meer geïsoleerd, individualisties en op eie behoeftes ingestel. Hulle duld nie inmenging in privaatsake nie, en geloof- en godsdienssake word as baie privaat beskou.
- Mense het 'n supermark-ingesteldheid ten opsigte van hul kerklike betrokkenheid. Dit impliseer dat hulle rondkyk en beproef waar hulle tuisvoel en wil inskakel. Die dae van blinde lojaliteit is tot 'n groot mate verby. Mense bly nie meer Hervormers omdat hul ouers en grootouers Hervormers was nie.
- In die stede en selfs op die platteland leef mense agter sekuriteitsomheining, en dit word al moeiliker om besoeke by lidmate af te lê sonder dat vooraf afsprake gemaak is.
- Om bogenoemde (en baie ander) redes sal daar 'n klemverskuiwing en gesindheidsverandering in die Kerk moet kom sodat ouderlinge nog 'n sinvolle rol kan vervul.
- Die klem in ouderlingswerk sal al hoe meer moet val op die *geestelike versorging* van die huisgenote van die geloof. Lidmate sal die besoeke en betrokkenheid van ouderlinge moet beleef as versterking en opbou van hul geloofslewens. Daar sal veel meer klem moet kom op *sorg* as op formele afhandeling van die opsigtaak.
- Die beeld van die gemeente as huisgesin van God kan in hierdie verband 'n groot rol speel. Ons sou oor die algemeen kon sê dat ons in die Ou Testament die Verbondsvolk leer sien as familiegroeperings. Dit het bestaan uit uitgebreide families wat onder leiding van die familiehoof (die pa of oudste broer) na mekaar omgesien het. Hierdie familiehoof was besorg oor die uitgebreide gesin en was daarvoor verantwoordelik dat dit met almal goed gegaan het. Die Nuwe Testament sluit eintlik by hierdie gebruik aan wanneer die gemeentes van Christus begin vorm aanneem. Daar word in Handeling 1 en die Briewe na die gemeente verwys as *huisgesin van God*. Die beeld impliseer dat die gelowiges God as Vader gekry het veral deur die middelaarswerk van die oudste Broer, Jesus Christus, en dat hulle om daardie rede ook broers en susters van mekaar is. En toe dit nodig geword het dat daar ook herders sou wees wat na hierdie gesin moes omsien, waaruit die dienswerk van die ouderlinge voortgekom het, is daar op die patroon van die familiehoofde persone gekies. Ouderlinge vervul dus die rol van familiehoofde in die huisgesin van God.
- In ons eie geskiedenis het dit tot 'n groot mate ook so gebeur dat families na mekaar omgesien het onder leiding van 'n familiehoof.
- Dit het veral plaasgevind in die plaasomgewing of in 'n plattelandse model. Ouer mense wat sorg nodig gehad het, is in die familie opgevang, en so ook is verweesde en verwaarloosde kinders in die familiekring versorg. Wanneer mense vertrous of vermaan moes word, het dit dikwels binne die familiekring gebeur. Die veranderings waarna ons hierbo verwys het, het meestal ook daaraan 'n einde gebring. Ouderlinge kan in die gemeente hierdie groot en belangrike rol vervul.

- Waar die gemeente leer om soos *huisgenote van die geloof* en *familiekring van God* te funksioneer, kan en sal die versorgings-, bemoedigings- en vermanende taak van ouderlinge tot sy reg kan kom. Op hierdie manier sal daar ook iets van ons belydenis oor die gemeenskap van die geloof (gelowiges) werklikheid kan word.
- Dit kan dalk nodig word dat ons in sommige gemeentes (veral in stedelike komplekse) moet besin oor die beste manier om die wyksisteem te benut. Die vraag is of 'n geografiese indeling die enigste of selfs beste basis is. Is dit nie moontlik om te dink aan belangegroeppe (soos volgens ouderdom of verspreiding van kinders of belangstellingsvelde) of betrokkenheid by diensgroeppe in die gemeente, of ander gemeenskaplikhede nie? Ouderlinge kan hulle dan ook toespits op die behoeftes van 'n bepaalde groep en daarvoor toegerus word, sodat hy of sy hul deel van die *huisgesin* kan bystaan en lei in hul geloofsbehoefte.

GROEPSGESPREK

Ouderlinge kan met mekaar gesprek voer oor wat die spesifieke omstandighede van hul gemeente is. Daar moet vir die eie gemeente aksies bedink en deurgevoer word wat kan bydra om die gemeente as huisgesin van God saam te snoer. Bedink ook watter manier van *wyksindeling* die ouderlinge die beste in staat sal stel om hul rol as *gesinshoof in die huishouding van God* te kan vervul.

Deurgaans sal die ouderlinge saam moet besin oor wat die geloofsbehoefte van hul gemeente of wyke is, sodat hulle daarvoor kan beplan en voorberei en daarvoor toegerus kan word.

MODULE 5

Kommunikasie

5.1 Vereistes vir 'n gesprek

Twee mense kan baie woorde wissel sonder dat 'n ware gesprek plaasvind. Gesprek vind eers plaas wanneer die persone mekaar werklik in die gesprek ontmoet, dit wil sê wanneer elkeen die ander genoeg vertrou om iets van homself mee te deel en iets van die ander te begryp en ontvang. Daar moet dus 'n tweerigtingverkeer wees, en albei persone moet aan die gesprek deelneem.

Tweerigtingverkeer beteken dat daar ten minste twee mense deelneem aan 'n gesprek. 'n Boodskap word deur die SENDER na die ONTVANGER gestuur via 'n MEDIUM (in die geval van 'n persoonlike gesprek is die medium dus gewoonlik jou stem en gepaardgaande klankgolwe; ander media kan byvoorbeeld 'n telefoon, radio of TV wees). Wat hierdie proses effektief maak, is dat TERUGVOER moet geskied, en dit voltooi die tweerigtingelement.

Mense kan ter wille van ordentlikheid aan 'n gesprek deelneem, maar tog 'n groot afstand handhaaf. 'n Gesprek is eers geslaagd wanneer daar genoeg wedersydse vertroue is om jouself oop te maak vir iemand anders en werklik te luister na wat hy sê.

5.2 Voorvereistes vir 'n gesprek

- **Egtheid**
Om voor te gee dat jy in die lidmaat belangstel, is oneg. Die ouderling se woorde en houding moet dít weergee wat hy werklik dink en voel. Liggaamstaal, stemtoon en uitdrukking kan onegtheid verrai. Slegs egte belangstelling kan 'n atmosfeer van vertroue bevorder. Egte belangstelling word oorgedra deur totale kommunikasie: wat jy sê, maar ook jou liggaamstaal, stemtoon en gesigs-uitdrukking.
- **Begrip en empatie**
Uit die ouderling se reaksie moet die lidmaat kan agterkom dat daar werklik begrip is vir hom en sy probleem. Dit beteken dat sy gevoel of opinie nie net afgemaak mag word nie, maar erkenning moet ontvang, selfs al stem jy nie daarmee saam nie. Dan sal die lidmaat die vertroue hê om ook verder sy gevoel en opinie met die ouderling te deel.
- **Gelykheid**
Gelykheid is 'n voorvereiste vir ware gesprek. Die lidmaat kan nie vertroue hê in iemand wat uit die hoogte op hom neersien nie, maar sal wel vertroue hê in iemand wat bereid is om hom as mens, as sondaar en as medegelowige te aanvaar.
- **Luister**
Om te luister, beteken nie 'n passiewe houding van *nou doen ek niks* nie. Dit is om aktief betrokke te raak by wat die ander persoon sê. Deur werklik te luister na wat iemand sê en te probeer verstaan hoe hy voel, wys jy dat jy hom aanvaar en erkenning gee aan hoe hy voel. Dit skep die vertroue om nog meer dinge met jou te deel.

Dit sou oneg wees om met alles saam te stem. Wanneer julle verskil, is dit belangrik om steeds sy opinie met respek te hanteer, en dit nie net af te maak of die persoon te verkleineer nie.

5.3 Gespreksteknieke wat die gespreksatmosfeer kan bevorder

- **Tyd en plek**
'n Gesprek kan nie plaasvind wanneer allerhande dinge steur nie. Die ouderling behoort die roetine van die gesin te leer ken en sy besoek te beplan vir die mees geleë tyd, sodat almal rustig kan deelneem.
- **Liggaamshouding**
Liggaamshouding is alles wat uiterlik oorgedra word deur 'n mens se liggaam, stem en kleredrag.
- **Kleredrag**
Uiterlike voorkoms kan die gespreksatmosfeer negatief beïnvloed. Slordige klere dui op 'n traak-my-nieagtige houding en 'n mens sal nie so 'n persoon vertrou met jou probleme of gevoelens nie. Te formele klere skep weer 'n stywe atmosfeer. Die beste is om netjies en vanpas gekleed te wees vir wat jy gaan doen.
- **Oogkontak**
Oogkontak is belangrik vir suksesvolle kommunikasie. Wanneer 'n mens anderpad kyk as iemand praat, lyk dit asof jy verveeld is en nie belangstel in wat hy te sê het nie. Wat wedersyds plaasvind tussen die mense wat kommunikeer, word gedra deur oogkontak. Wanneer die hele gesin teenwoordig is, is dit belangrik dat die ouderling hulle almal van tyd tot tyd in die oë sal kyk en nie net die man of die volwassenes nie.
- **Vrae**
Met vrae kan 'n mens iemand betrokke kry by die gesprek. Die vrae moet dan getuig van opregte belangstelling. Hoe meer inligting meegedeel word, hoe sterker word die vertrouensbasis van die gesprek. Wanneer jy iemand egter net op 'n koue manier bombardeer met vrae, kan dit vir hom voel asof jy inligting soek waarmee jy hom in 'n hoek wil dryf. Dit sal hom wantrouig maak. As die ouderling belangstel in die mense, sal dit nie 'n gevaar wees nie.
- **Stiltes**
Stiltes in 'n gesprek is 'n manier van kommunikasie en het betekenis. Daarom moet 'n mens dit nie te gou verbreek nie, maar probeer vasstel wat dit beteken. 'n Mens is geneig om self ongemaklik te voel as daar stilte kom, en dan begin jy praat om jou eie ongemak te verberg. So laat jy die geleentheid verbygaan om die ander se stilte te probeer verstaan.
- **Vermynkommunikasieversperrings**
Die eerste woorde wat gepraat word, is baie belangrik, want dit moet die atmosfeer skep vir 'n geslaagde gesprek. Wanneer 'n mens sommer aan die begin reeds jou eie siening van sake uitspreek, skep dit die indruk by die lidmaat dat sy gevoel en opinie nie vir jou belangrik genoeg is om na te luister nie. So kan gevoelens van nie aanvaar te word nie, verkleinerings en minderwaardigheid by hom ontstaan.

Kommunikasieversperrings wat 'n mens moet vermy, is –

- om te veroordeel
- te verkleineer
- te kritiseer
- om te gou te vermaan
- te gou te vertroos en
- te gou te simpatiseer.

5.4 Doel van die gesprek

'n Gewone vriendskaplike gesprek het nie 'n spesifieke doelwit nie en ook nie 'n bepaalde struktuur nie. Dit is sommer net gesellig. Wanneer 'n mens egter iets spesifieks met 'n gesprek wil bereik, kan dit nie maar net doelloos en ongestruktureerd benader word nie.

Die ouderling besoek die huisgesin met 'n spesifieke doel: Hy wil 'n bepaalde onderwerp met hulle bespreek, of in elk geval iets wat die geloofslewe raak en met ons verstaan van kerkwees te doen het. Dit is nie net 'n gewone informele, sosiale gesprek nie. Die ouderling se gesprek dra iets oor van geloofsbeleving en bring warmte en ondersteuning in die huisgesin. Die doel met die gesprek is nie altyd noodwendig om 'n onderwerp wat die ouderling gekies het te bespreek nie, maar meer dikwels om te hoor wat die lidmaat op daardie oomblik op die hart het. Die ouderling se doel met die gesprek sal dus dikwels afhang van die saak wat hy by die lidmaat hoor.

So 'n gesprek is dus nie net informeel en sosiaal nie, maar het tog wel 'n doel. Daarom sal die gesprek ook 'n struktuur hê wat help om die doel te bereik. Die struktuur dui net breë riglyne vir gespreksvoering aan en kan nooit op 'n onnatuurlike wyse geforseer word nie. Sonder enige struktuur word 'n gesprek egter 'n doellose onderneming.

5.5 Fases van die gesprek

- **Kontakfase**

In die eerste fase ontmoet die mense mekaar en leer hulle mekaar ken. As hulle mekaar reeds ken, verbreed hulle hierdie kennis deur navraag te doen oor hoe dit op die oomblik met hulle gaan. Persoonlike inligting word uitgeruil. Hierdie fase help jou om die vertrouensverhouding te skep vir die gesprek wat gaan volg. Met jou woorde en liggaamshouding moet jy vriendelikheid, egtheid, warmte, gelykheid en vertrouwe kommunikeer. Die gesprek kan gestimuleer word deur vrae te vra.

Hierdie fase moenie lank uitgereken word nie, en die gesprek moet oorgaan na die volgende fase. Die ouderling het reeds die saak raakgesien waarvoor hy meer indringend verder wil praat, en hy of sy kan die gesprek nou in daardie rigting begin stuur. 'n Oorgangsin kan iets soos die volgende wees: *Dit klink vir my asof daar op die oomblik 'n groot probleem is.*

- **Ontledingsfase**

Hierdie fase bied die geleentheid om die spesifieke probleem of saak indringend te bekyk en 'n *diagnose* te maak. Die ouderling moenie hier *oordele* uitspreek of sy eie opinie opdring nie, maar moet die lidmaat nooi om sy mening te gee. Weer eens kan vrae goed benut word om die onderwerp in diepte uit te pluus. Belangrik is egter dat vrae op die regte manier gestel moet word. Dit moenie soos 'n beskuldiging klink nie: *Hoekom maak hy so?* Die lidmaat moet deur die vraag die geleentheid kry om self te dink oor die saak en sy mening te gee. Jy sou dus eerder vra: *Dink jy...?* of *Wat dink jy van...?* Hier moet kommunikasieversperrings vermy word en die ouderling moet baie fyn luister om die lidmaat se gevoel en mening oor die saak werklik te hoor en te verstaan. So kan hy die lidmaat lei om 'n diagnose te maak van sy eie probleem. As die oorsake en verskillende aspekte van die probleem duidelik geword het, gaan die gesprek oor na die volgende fase.

- **Ontknopingsfase**

Noudat die probleem geïdentifiseer is, word gesoek na oplossings. Hier moet die ouderling nie 'n klomp kitsklaar antwoorde vir die lidmaat aanbied nie, maar eerder saam met hom na antwoorde soek uit die Woord van God, asook moontlik praktiese oplossings vir die probleem. As hulle nie regkom nie, kan die ouderling verder gaan hulp soek by die predikant, maatskaplike werker, diensgroepe of watter hulpbron ook al op die saak betrekking het.

- **Afrondingsfase**

Wat tot dusver in die gesprek bereik is, word saamgevat. Hier verklaar elkeen hom bereid om dit wat bespreek is daadwerklik te gaan uitvoer, soos byvoorbeeld: Die ouderling kan onderneem om 'n bepaalde saak verder te ondersoek, lig by die dominee of ander bron te kry, en terug te kom na die gesin. Die lidmaat onderneem om solank ook verder oor die saak na te dink.

Die gesprek word so afgesluit dat die moontlikheid van verdere kontak oopgehou word, byvoorbeeld: *Volgende maand as ek weer kom, kyk ons wat ons albei uitgerig het.* Dit kan ook afgesluit word met 'n kort gebed waarin vir die huisgesin voorbidding gedoen word.

5.6 Gebruik van die fases

Wanneer 'n mens die fases in 'n gesprek gebruik, moet dit met soepelheid gedoen word. Al die fases sal nie noodwendig in een gesprek voorkom nie. Soms sal dit 'n hele paar gesprekke verg om die proses te voltooi. In die eerste gesprek sal 'n mens dalk net kennis maak en bou aan 'n vertrouensverhouding met die lidmaat (kontakfase). By die volgende geleentheid kan die kontakfase kort wees en die ouderling kan vinniger oorgaan na die ontleding van die probleem. Dalk word hierdie hele gesprek in beslag geneem deur die ontleding van die probleem, veral as dit vir die lidmaat 'n groot saak is en hy die geleentheid nodig het om 'n keer goed uit te praat. In die volgende gesprek sal dan eers gesoek word na oplossings (ontknopingsfase).

Die struktuur van die gesprek is dus nie rigied en formeel nie, maar bly net 'n aanduiding van hoe die ouderling met die gesprek vorder. Hy moet beheer oor die gesprek hou en nie vashaak by die aanknopingsfase nie. So 'n gesprek is wel maklik en skep goeie verhoudings, maar dan het hy nog nie werklik sy roeping en opdrag uitgevoer nie.

LUISTERVAARDIGHEDE

Kommunikasie is 'n tweerigtingproses waarin die deelnemers seker moet maak dat dit luister en effektiewe terugvoer insluit.

Die kuns van luister

Daar word algemeen aanvaar dat luister 'n natuurlike vaardigheid is wat outomaties aangeleer word. Dit kan 'n gevaarlike aanname wees, veral as 'n mens beseft dat geweldig baie tyd bestee word aan die aanleer van taalgebruik en taalvaardighede, maar bitter min word gesê oor luistervaardighede. Luister word algemeen verwar met *hoor*. Wanneer jy bloot hoor wat iemand sê, kan jy belangrike inligting, nuwe idees en geleenthede om te groei en mense te leer ken, mis. Aan die ander kant staan jy werklik die kans om meer kennis en begrip te verkry, persoonlike vaardighede op te bou en te leer hoe om oortuigend te kommunikeer indien jy werklik luister na wat die ander persoon te sê het. Om effektief te kan luister, verg egter toewyding en oefening.

Meet jouself aan die volgende lyste van slegte en goeie luistergewoontes.

Slegte luistergewoontes	Ja / Nee	Goeie luistergewoontes	Ja / Nee
Swak luisteraars is gewoonlik ongeduldig met die persoon of persone met wie hulle kommunikeer		Wees opreg met jou bedoelings	
Enige <i>geraas</i> kan veroorsaak dat hulle konsentrasie verloor		Evalueer die inhoud van die boodskap ten einde 'n goeie respons te kan gee	
Hulle laat geen verskil in persepsie, kultuur of persoonlikheid toe nie		Gee aandag aan nieverbale gedrag en kommunikasie	
Hulle dink soms aan ander dinge terwyl hulle voorgee om te luister		Som die inhoud van die boodskap op ten einde voldoende terugvoer te kan gee	
Hulle laat toe dat klein dingetjies soos 'n spraakgebrek (byvoorbeeld hakkel), 'n fout met die persoon se voorkoms (dalk ou klere of selfs 'n merk op die persoon se gesig), 'n vorm van geraas of enige iets kleins hul aandag aftrek van die gesprek		Stel belang in die boodskap	
Hulle is te lui om te luister		Die spreker (sender) se stemtoon kan nuttige inligting weergee	
Hulle sal die spreker (sender) in die rede val en ongeduldig raak		Gebruik verbale kommunikasie-response soos <i>Ek verstaan, Ja</i> en <i>En?</i> asook nieverbale response soos om jou kop te knik, vooroor te leun, ensovoorts	
Hulle luister slegs na feite wat hulle interesseer en ignoreer die konteks van die boodskap		Wys dat jy waarde heg aan dit wat die ander persoon te sê het	
Persoonlike, selfsugtige oorwegings is geneig om hulle angstig te maak		Moedig die spreker aan om te gesels, laat hom of haar gewaardeer voel	
Hulle raak maklik verveeld		Fokus op die boodskap	
Hulle verloor gou belangstelling		Herhaal soms van die woorde (sonder om soos 'n papegaai te klink)	
Voordat die kommunikasie klaar is, sal hulle dit beëindig		Luister enduit	

Die volgende luistervaardighede kan jou help:

- **Aandag**
 - Gee die spreker jou volle aandag.
 - Konsentreer op dit wat gesê word – anders dwaal jou gedagtes.
 - Niks is so erg vir 'n spreker as wanneer hy ervaar dat die luisteraar nie aandag gee aan wat hy te sê het nie.
 - Luister aandagtig, aktief en krities.
 - *Luister* na die nieverbale seine wat die boodskap ondersteun.
- **Aanmoediging**

Gee aan die spreker nieverbale leidrade dat jy luister. Gebruik van die volgende:

- Oogkontak.
 - Leun effens vooroor.
 - Draai jou skouers, voete en knieë na die spreker.
 - Knik jou kop, sê soms *Hmmm* en glimlag.
 - Herhaal sleutelbegrippe en/of -woorde.
 - Vra vrae waar nodig.
- **Oogkontak**
 - Hou jou aandag op die spreker, en moenie jou oë toelaat om te dwaal nie – jou gedagtes sal volg!
 - Kyk na nieverbale gedrag – 'n kopknik, glimlag, ensovoorts.
 - Om effektief te luister, beteken nie net dat jy moet hoor wat die spreker sê nie; jy moet ook *sien* wat hy sê.
 - Nieverbale boodskappe vorm die kern van kommunikasie en gee die gevoelens van die spreker weer.
 - **Konsentreer – luister met die bedoeling om te verstaan**
 - Goeie luistervaardighede beteken dat jy moet konsentreer.
 - Dinge wat jou aandag aftrek, kan jou konsentrasie breek; ignoreer alle goed wat jou aandag kan aftrek.
 - Aandagafleiers kan die volgende insluit:
 - Geraas.
 - Telefone wat lui (veral daardie selfoondeuntjies...).
 - Mense wat verbyloop.
 - Projekte waarmee jy besig is.
 - Dinge waaroor jy dink.
 - Dinge waaroor jy dagdroom.
 - **Neutraliseer jou gevoelens**
 - Wees bedag op jou eie vooroordele.
 - Behou 'n neutrale en objektiewe houding ten spyte van wat jy voel oor die persoon se karakter, stem, kleredrag of onderwerp.
 - Jou eie gevoelens mag nie die boodskap beïnvloed nie. Bly kalm, behou 'n oop gemoed en moenie ongelukkig raak nie.
 - Mense hoor wat hulle graag wil hoor – wees bedag daarop en neutraliseer jou voorkeure.
 - **Toets jou begrip**
 - Vra vrae indien jy nie verstaan nie.
 - Maak seker dat jy verstaan wat die spreker wil oordra.
 - Gun die spreker die geleentheid om dit wat hy wil sê, te verduidelik.
 - Som dit wat jy gehoor en verstaan het van tyd tot tyd op; dit gee 'n aanduiding vir die spreker dat jy verstaan.
 - **Weet waaroor die boodskap gaan**
 - Soms is feite nie genoeg nie.
 - Soek na die implikasie van wat gesê word.
 - Gebruik die tyd wat jy het om te dink konstruktief.
 - Kyk na nieverbale gedrag ook.
 - **Neem notas indien nodig**
 - Luister duidelik na die feite.
 - Deur notas te neem, kan jy op die feite fokus; moet dit egter nie oordoen nie.

Bylae A

Toerusting: Offergawes

Agtergrond

Die gesprek oor offergawes is om verskeie redes 'n sensitiewe aangeleentheid. Predikante is huiwerig om oor offergawes te praat, omdat lidmate te maklik die afleiding kan maak dat dit gaan oor die predikant se traktement. Ouderlinge is ook versigtig om in hul wyke daarvoor te praat, omdat mense so maklik die beskuldiging rig dat die Kerk net oor geld bekommerd is. Sommige mense huldig selfs die standpunt dat daar glad nie in die Kerk oor geld gepraat moet word nie omdat dit wêreldse goed is; ander is weer van mening dat die Kerk geld mors.

Die gee van offergawes is egter wesenlik deel van ons geloofslewe, en geld is vir die Kerk 'n noodsaaklike middel om te kan voortbestaan en haar opdrag uit te voer. Die inligting oor en toerusting van lidmate oor die gee van offergawes kan dalk daartoe bydra dat talle wanpersepsies uit die weg geruim word. Die Hervormde Teologiese Kollege bied hiermee 'n toerustingspakket aan vir gebruik in gemeentes van ons Kerk. Die toerustingspakket kan gebruik word vir die toerusting van ouderlinge om in hul wyke met lidmate daarvoor te praat. Finansiële kommissies kan dit gebruik om hul lede 'n duideliker perspektief van die rol van finansies in die Kerk te bied.

Die toerustingspakket bestaan uit die volgende modules:

1. Hoekom gee ons offergawes en hoeveel? ('n Kort Bybels-teologiese perspektief)
2. Hoe kan ons gee? (Verskillende moontlike maniere vir die insameling van kerklike bydraes)
3. Waarvoor gee ons? (Die aanwending van finansies vanaf gemeentelike tot sinodale vlak)
4. Hoe bestuur ons kerklike finansies? (Finansiële bestuur en inligting)

MODULE 1: Hoekom gee ons offergawes en hoeveel?

1. Die Ou Testament

Grondliggend aan die gee van offergawes in die Ou Testament is die gedagte dat alles aan God behoort: *Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here* (Ps 24: 1). Die mens is maar net God se verteenwoordiger wat namens God (Gen 1: 27) oor die skepping moet heers. Hierdie verantwoordelikheid kan die mens slegs uitvoer wanneer hy of sy in die regte verhouding met God leef (beeld van God), anders ontaard die *heers* oor die skepping in chaos en wanorde. Ons besit eintlik niks. Alles wat ons het en is, is gawes wat ons van God ontvang het. Die salaris wat ek verdien, die oes op die land, die wins van die besigheid is slegs moontlik deur die genade van God. Hy gee ons gesondheid, talente, besigheidsvernuf om te kan presteer. Ek is eintlik net 'n rentmeester om dit wat God aan my toevertrou het, verantwoordelik te bestuur en te bestee.

In die lig hiervan kan 'n mens verstaan waarom daar die gebruik was dat die eersteling van die oes of die vee, of kinders aan God gewy moes word. Die eersteling wat aan God gegee is, was die bewys dat alles eintlik aan God behoort. Dit is dieselfde gedagte wat ons by Paulus kry as hy in I Korintiërs 15: 20 sê dat Christus uit die dood opgewek is as *eersteling* van dié wat gesterf het. Die hele oes van dié wat gesterf het, behoort aan God. Christus as die *eersteling* wat opgewek is, is die bewys daarvan.

Die tweede perspektief wat in die Ou Testament duidelik na vore kom, is die belangrikheid van die gee van tiendes (Deut 14: 22-29; Mal 3: 10) as hul offers van dankbaarheid aan God. Die tiende wat hulle gegee het, was die volk se antwoord op die

verbond wat God met hulle opgerig het (Eks 25: 1-9). Dit moes gebruik word vir die oprigting en instandhouding van die heiligdom, sodat God tussen hulle kan woon en vir die versorging van die tempeldienaars (Num 18: 8-32; Hag 1: 1-15).

Dit is wel so dat hierdie offerandes en die gee van tiendes later 'n wettiese karakter verkry het. Die Jode het begin dink dat as hulle uiterlik hierdie voorskrifte nakom, hul saak met God vanselfsprekend reg is. Dit is juis teen hierdie wettiese en formele godsdienstige gebruike dat die profete die volk gewaarsku het (Mal 1).

2. Die Nuwe Testament

Jesus het ook in sy optrede dikwels die Fariseërs en die skrifgeleerdes gewaarsku en vermaan omdat hulle die wettiese gebruike en voorskrifte uiterlik nakom, maar innerlik God nie met volle oorgawe in hul harte dien nie. Hy het ons bevry van 'n uiterlike wettisisme en formele godsdienstigheid, waarvolgens 'n mens deur die nakom van die uiterlike reëls vir God aanneemlik sou wees. Hy het nie gekom om die wet ongeldig te maak nie, maar om dit te vervul en volle betekenis te laat verkry (Matt 5: 17). In sy verklaring van die gebooe (Matt 5: 17-48), word dit duidelik dat Jesus die klem verskuif vanaf bloot die uiterlike nakom van wette na 'n innerlike gesindheid van geloof wat 'n mens se optrede bepaal. Ons kom nie die wet na om God se guns te verdien nie. Omdat ons in Jesus Christus ervaar wat God se liefde vir ons beteken, word ons innerlik vernuwe deur sy Gees om uit dankbaarheid tot sy eer te lewe.

Toegepas op die gee van offergawes, beteken dit nie dat die gee van tiendes nie meer van krag is nie. Wat dit wel beteken, is dat ons nie offer en gee omdat die wet en reël dit van ons vereis nie, maar omdat ons deur die liefde van Christus geïnspireer word om te offer en te dien. Só gesien, kan ons as Christene nooit genoeg gee nie. Ons dankbaarheid behoort so groot te wees dat ons eintlik meer as 'n tiende behoort te gee. Ons word nie meer gedwing deur 'n reël wat die minimum voorskryf nie, maar, gedryf deur die liefde van Christus, gee ons die maksimum wat ons kan.

Jesus se bekende uitspraak (Matt 22: 21) is ook hier ter sake: *Gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort.* Ons betaal belasting met 'n swaar gemoed, maar ons het nie 'n keuse nie, want dit is wat die Staat van ons vereis (die keiser se kop is op die muntstuk). As ons onthou dat alles eintlik aan God behoort, ook ons as mense (geskape na die beeld van God), hoeveel te meer moet ons dan bereid wees om aan God te offer!

In die eerste gemeentes word dit as vanselfsprekend aanvaar dat die gee van offergawes 'n spontane uiting is van hul geloof. Ter wille van dié wat minder het, het hulle hul geld onder mekaar verdeel (Hand 2: 45). Natuurlik gaan dit hier primêr om die barmhartigheid wat bewys word aan dié wat minder het, maar later word dit duidelik dat die offers ook aangewend word vir hulp aan ander gemeentes wat swaarkry (1 Kor 9: 1-6). Paulus maak ook 'n saak daarvoor uit dat die offergawes gebruik moet word vir die versorging van diegene wat die evangelie verkondig (2 Kor 9: 3-12).

Die gesindheid waarmee 'n mens gee, is van die allergrootste belang. Paulus (2 Kor 9: 1-15) beklemtoon dit dat 'n mens nie uit dwang moet gee nie (wettisisme), maar met blymoedigheid en dankbaarheid. Die een wat die offergawes insamel, moenie die gevoel kry dat mense afgepers of gedwing word nie. Daarom moet gelowiges die offergawes vooraf gereed maak. Die belangrikste van alles is dat elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, wat weer eens beklemtoon dat dit gaan om innerlike gesindheid en nie slegs om 'n reël na te kom nie.

3. Hoeveel moet ons gee?

In die woord *offer* lê dit reeds opgesluit dat jy iets prysgee en dat dit baie van jou vra. 'n Offer maak seer, jy voel dit – juis daarom is dit 'n offergawe. In die lig van wat reeds

gesê is, is daar nie 'n reël wat nagekom moet word nie. 'n Reël stel altyd die minimum, gelowiges gee uit dankbaarheid die maksimum wat hulle kan, al maak dit seer. Hierdie benadering kan nooit daarop neerkom dat ek eers in al my behoeftes (soms oordadig) voorsien en dat ek dit wat oorbly, as daar iets is, as offergawe gee nie. Veel eerder beteken dit dat ek eers offer, en dan wat oorbly vir myself kan gebruik. Uiteraard sal die hoeveelheid verskil na gelang van elkeen se situasie en vermoë. Wat egter vir almal geld, is dat ek sal gee na die beste van my vermoë, soms selfs meer as 'n tiende.

'n Finansiële kommissie stel 'n begroting op wat aandui wat 'n gemeente se behoefte is. Indien die begrote bedrag eweredig onder al die lidmate verdeel word, gee dit wel 'n riglyn van wat benodig word, maar dit is onbillik, omdat die finansiële vermoë van lidmate van mekaar verskil. Sommige lidmate kan baie meer gee, maar hou hulle nou by die verwagte minimum per lidmaat. Ander lidmate is gewoon nie in staat om eers die minimum by te dra nie. Met die begrote riglyn in gedagte, behoort elke lidmaat self, met inagneming van sy of haar situasie, in sy of haar hart uit te maak wat *geoffer* kan word.

Miskien is dit 'n billiker verdeling om te vra dat lidmate 'n persentasie van hul inkomste as offergawes gee. As ons maar daarin kan slaag dat elkeen een dag per maand se salaris as offergawe gee, sal die meeste gemeentes meer as genoeg ontvang om hul verpligtinge na te kom. As lidmate 'n persentasie van hul inkomste offer, is dit ook vanselfsprekend dat die bedrag aangepas sal word soos wat my salaris aangepas word.

4. Samevatting

- Die gee van offergawes is 'n wesenlike deel van ons lewe as gelowiges omdat alles wat ons het en is aan God behoort.
- Ons is in Christus vrygemaak van die nakoming van wettiese reëls, maar offer uit liefde en dankbaarheid.
- Elkeen moet *offer* na sy of haar vermoë, nie om die minimumreël na te kom nie, maar om die maksimum te gee wat jy kan.
- 'n Persentasie van jou inkomste is 'n riglyn wat jou kan help om oor die hoeveelheid te besin.

5. Wyse van aanbidding

Hierdie aantekeninge is bedoel vir die persoon wat die toerustingseleentheid fasiliteer. As metode van aanbidding kan die volgende oorweeg word:

- Na die opening en verwelkoming, kan die eerste gedeelte van die aantekeninge as inleiding tot die gesprek aan die groep voorgehou word.
- Verdeel in groepe en gee aan elke groep een of meer van die onderskeie Skrifgedeeltes wat in die aantekeninge aangedui word. Die gedeelte moet voorgelees word, waarna elkeen in die groep die geleentheid kry om te sê watter aspekte in die gelese gedeelte hom of haar in die besonder getref het. Bespreek dit in die groep.
- Elke groep stel 'n woordvoerder aan om in die grootgroep die gedagtes van die kleingroep oor te dra, waarna die grootgroep dit bespreek.
- Die fasiliteerder vat die gedagtes saam na aanleiding van die aantekeninge en die samevatting.

Bylae B

Waarvoor gee ons offergawes?

1. Inleiding

Die gee van offergawes het 'n Bybelse oorsprong en vind finansiële beslag deur 'n bydrae te maak tot die bekostiging van gemeentelike en ander aktiwiteite wat die Kerk gemeentelik en kollektief onderneem ter uitvoering van die Bybelse opdrag.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk gee uiting daaraan deur te onderskei tussen drie velde van operasionele funksionaliteit (bedieningsvlakke):

Die gemeente

* Dit wat gemeentes direk raak of onderneem.

Die ring

* Dit wat gemeentes in dieselfde streek raak of onderneem.

Sinodale aktiwiteite

* Dit wat die Kerk kollektief raak of onderneem.



Die Kerkorde as basiese riglyn, ondersteun deur besluite van vergaderings soos byvoorbeeld die Algemene Kerkvergadering, gee beslag aan die werk van die Kerk.

Dit is van kardinale belang om daarop te let dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika nie in geïsoleerde, afgebakende kompartemente werk nie, **maar** dat al die werk in mekaar se verlengstukke lê en as sodanig gedoen word.

Die Kerk kan dus vergelyk word met 'n familie wat uit verskeie lede bestaan maar in liefde en deur middel van gesinsbande as 'n eenheid saamgesnoer word.

Die eenheid kry daarom gestalte in die interafhanklikheid.

2. Aktiwiteite

Die aktiwiteite wat deur die Kerk onderneem word, oorvleuel en toon ooreenkomste, maar kan tog in hooftrekke soos volg gegroepeer word :

1. Woordverkondiging en verwante aktiwiteite soos gesinsorg, apostolaat, ensovoorts
2. Diens van Barmhartigheid
3. Administrasie
4. Fasiliteite
5. Publikasies / kolportasie
6. Trustfondse

Dit is belangrik om daarop te let dat die Kerk ook in georganiseerde kinderversorging, bejaardesorg en gesinsorg as deel van die Diakonaat betrokke is. Hierdie versorging word ook deur die Kerk gefinansier, maar die grootste deel

van hierdie finansiering word nie direk vanuit gemeentes ontvang nie. Dié bronne word ingedeel in die volgende:

- Eie opwekking van fondse (intern)
- Staatsubsidies
- Fondsinsamelingsprojekte
- Vrywillige bydraes deur lidmate en gemeentes


'n Ander belangrike aspek van kerkwerk is die uitgee van ons kerklike tydskrifte, naamlik –

- *Konteks, Die Hervormer en e-Hervormer, en die Almanak en Bybelse Dagboek.*

Tot dusver was die tydskrifte selfversorgend wat betref finansies, aangesien die netto surplus die koste kon dra. Dit is tans nie moontlik nie, en sinodale fondse sal daarvoor aangewend moet word.

3. Vloei van fondse

Aangesien die velde van operasionele funksionaliteit (bedieningsvlakke) interageer, is dit nie onvanpas om die vloei van fondse (aanwending van offergawes) van nader te beskou nie :



4. Kwantifisering van offergaweaanwending


Daar is dikwels vrae aangaande die aanwending van offergawes wat kollektiewe doelwitte nastreef. Daar word derhalwe verder hierop gefokus.

Alle sinodale aanwending van offergawes geskied deur middel van 'n begroting wat jaarliks deur die Raad van Finansies aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vir goedkeuring voorgelê word.

Die sinodale begroting is 'n gekwantifiseerde spieëlbeeld van hoe die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika besluit het om kerk te wees. Met ander woorde, indien 'n buitestander die begroting onder oë sou neem, kan hy of sy daaruit vasstel hoe fondse toegewys word aan bepaalde sinodale aktiwiteite om uitvoering te gee aan die waargenome opdrag van die Kerk op aarde. Die begroting wat *hier* ter sprake is, is 'n verlengstuk van die onderskeie gemeentelike begrotings. Dit wil sê, wanneer 'n gemeentelike begroting beskou word, sal die primêre aktiwiteite sake insluit soos Woordverkondiging, Diens van Barmhartigheid, en so meer. Een van die komponente van 'n gemeentelike begroting is die sinodale heffings wat hierdie begroting befonds. Daarmee befonds gemeentes inderwaarheid die besluite van die Algemene Kerkvergadering wat daarop afgestem is om aangeleenthede wat nie deur

individuele gemeentes bekostig kan word nie (of effektief en produktief gedoen kan word nie), te sentraliseer en deur middel van skaal-ekonomiese beginsels tot uitvoer te bring – dus meer bekostigbaar en doelmatig indien hulpbronne saamgesnoer word.

Aan die hand van die onderstaande sirkeldiagram lyk die aanwending van offergawes soos volg:



Die kern van die sinodale begroting verteenwoordig dus die aktiwiteite waarop gemeentes deur middel van die Algemene Kerkvergadering besluit, en onderneem daarom by implikasie om die befondsing te voorsien. Anders gestel, die sinodale begroting reflekteer gedelegeerde gemeentelike aktiwiteite. Dit volg dus dat die Raad van Finansies nie die aktiwiteite dikteer en daarna poog om fondse daarvoor te vind nie. Hierdie uitvoerende liggaam hou onder andere toesig oor die aanwending van gemeentelike fondse wat geormerk is om voorafbepaalde aktiwiteite te befonds.

Sinodale begroting

Dit sal miskien van waarde wees as die sinodale begroting weer van meet af beskou word, met die bedoeling om elke aktiwiteit te beoordeel in terme van noodsaaklikheid, bekostigbaarheid, en so meer, naamlik:

4.1 Administrasiekoste

Die woord *administrasiekoste* het oor tyd in die Kerk 'n begrip geword wat ietwat ooreenstem met wat in die sakewêreld daaronder verstaan word, naamlik blote administrasie.

In sinodale verband is daar egter 'n breër konteks, en wel tot die volgende omvang:

(Heffings is dus nie gelyk aan administrasiekoste nie – daar word 'n diens gelewer.)

4.1.1 Debiteurebestuur

(a) *Studielenings – teologiestudente*

Hierdie funksie het in die eerste plek ontstaan op sterkte van besluite van die Algemene Kerkvergadering, soos byvoorbeeld dat studielenings aan voornemende predikante toegestaan word. Hierdie gelde moet uitbetaal, geboekstaaf, beheer en ingevorder word. Individuele gemeentes sou dit moeilik vind om hierdie aktiwiteit te bestuur. Indien hierdie funksie nie meer in die Hervormde Kerk gelewer word nie, sal toekomstige studente in private hoedanigheid finansiering moet reël en bekostig.

(b) *Kontantvloei uit debiteure-invordering*

In die tweede plek het hierdie funksie noodsaaklik geword aangesien daar nie sonder meer aanvaar kan word dat gemeentes gesamentlike besluite van die Algemene Kerkvergadering sal befonds nie. (Die redes daarvoor sal 'n afsonderlike debat verg wat nie hier opgesom kan word nie.) Dit raak dus toenemend belangrik dat die wag gehou sal word oor die nakoming van geïmpliseerde besluite – om die fondse te voorsien vir die uitvoer van kerkweesaktiwiteite in die Hervormde Kerk. Ordinasie 3.8.3(xvi) bepaal immers die Algemene Kerkvergadering *doen die nodige stappe om fondse te voorsien wanneer besluite wat geldelike verpligtings meebring, geneem word.*

(c) *SENTIK*

Derdens word debiteurebestuur noodsaaklik vanweë die gebruik om tasbare goedere soos publikasies en tydskrifte op rekening te lewer.

(d) *Algemene dienste*

Vierdens het die gebruik ontwikkel om 'n finansieringsdiens in die klein daar te stel. Die mees sprekende voorbeeld is dié van versekeringspremies. Die premie word sinodaal eenmalig betaal, terwyl gemeentes maandeliks afbetaal. (Die praktyk is deurspek van voorbeelde waar gemeentes vernietigende uitkomst sou moes verduur indien awery byvoorbeeld op die letter toegepas sou word. Nog meer so in die werklike gevalle waar eise betaal word terwyl premies laat of glad nie oorbetaal word nie.)

(e) *Kerkgeld-vir-Kerkwerk-skema*

In die vyfde plek, in aansluiting by die vierde punt hierbo, dwing die Kerkgeld-vir-Kerkwerk-skema 'n debiteure- en 'n krediteurstelsel af – 'n besluit van die Algemene Kerkvergadering.

Hieruit is dit duidelik dat die Kerk in terme van die sinodale begroting veral op twee vlakke geld kan bespaar:

- Heroorweeg besluite wat geld kos aan die hand van noodsaaklikheid en of dit binne die raamwerk van kerkwees in die Hervormde Kerk inpas.
- Rasionaliseer *dan* die kostesentrum (wat insluit die funksie, implikasie en personeel) in die begroting wat tans die funksie behartig.

(f) *Implikasie van funksie-eliminering vir die Kerk*

Die Algemene Kerkvergadering is by magte om bepaalde besluite te neem en die konsekwensies daarvan te verdiskonteer. Indien besluit word om, in bogenoemde voorbeeld, die Debiteurefunksie te rasionaliseer, beteken dit gewoon dat elke gemeente, hetsy op direkte of indirekte wyse, die funksie sal moet oorneem, want die taak sal nie verdwyn nie.

Die **eerste** vraag wat beantwoord moet word, is of dit haalbaar is.

Tweedens moet gevra word of hierdie funksie(s) 'n bydrae tot kerkwees in die Hervormde Kerk lewer. Kan gemeentes daarsonder, en wat sou die gemeentelike koste wees indien dit sinodaal opgehef word?

Derdens moet die implikasie van funksie-eliminering in ag geneem word. In die debiteurevoorbeeld kan dit onder andere die volgende beteken:

- Studente befonds hul eie studies aan die Universiteit van Pretoria.
- Lenings aan gemeentes word herroep en die beleggingstelsel word opgehef. Dit sou beteken dat die Kerk die tekort moet befonds.
- Sinodale heffings (vir oorblywende aktiwiteite van kerkwees in die Hervormde Kerk) word per debietorder gevorder en direk aan die begunstigdes betaal.
- Aankope van tydskrifte en publikasies word op 'n kontant-met-bestelling-basis gedoen.
- Versekeringspremies is jaarliks vooruitbetaalbaar indien die nut van sentrale bedinging behou moet word, of gemeentes verseker self en is uitgelewer aan die normale verpligtinge rondom 'n versekeringsportefeulje.
- Pensioenfondspremies sowel as mediese fondspremies sal deur die administrateurs van die fonds verhaal moet word, wat weer 'n direkte invloed op die administrasiekoste sal hê.

(g) *Finansiële aktiwiteite en gesentraliseerde dienste*

Hoewel nie so eksplisiet in die begroting identifiseerbaar nie, het die bestaan van meeste van die funksies hul oorsprong in die besluite van die Algemene Kerkvergadering, soos byvoorbeeld:

- Advisering en ondersteuning aan gemeentes met finansiële probleme, wat baie meer impliseer as wat onder enkele woorde gebring kan word.
- Bedinging van voordelige bedelings vir gemeentes, soos byvoorbeeld versekerings- en mediese fondspremies.
- Die blote bestaan van 'n debiteurstelsel, Kerkgeldstelsel en so meer vereis 'n volledige rekeningkundige stelsel. Dit vereis dat alle losstaande komponente saamgevat word in 'n grootboek waaruit finansiële state opgestel en in die laaste instansie geouditeer moet word (*Ordinansie 9.2.3.7*).

- Die saamstel van riglyne oor traktamente, navorsing en interpretasie van tendense, verslagdoening oor kerklike werksaamhede, generering van finansiële bestuursinligting, en kwantifisering van besluite van die Algemene Kerkvergadering in 'n enkele bestuurbare begrotingsdokument.
- Advisering van kerklike kommissies en rade.
- Advisering van gemeentes aangaande belastingsake, wetgewing, mediasie tydens verskille, en so meer.
- Administrasie en instandhouding van gemeenskaplike kerklike bates.

Soos uit hierdie nie-omvattende uiteensetting afgelei kan word, is daar min funksies wat as suiwer *administrasie* beskou kan word. Die grootste toets sou wees om te bepaal watter daarvan deur individuele gemeentes self hanteer kan word.

4.2 **Afdeling Interne Oudit**

Die funksie van die Afdeling is welbekend, en word bekostig uit foie gehef vir die dienste wat gelewer word en derhalwe selfonderhoudend funksioneer.

Benewens die bevestigingsfunksie wat die benaming impliseer, verrig die Afdeling waardevolle rekenmeesterstake waarsonder gemeentes andersins sou moes klaarkom. Deur gemeentelike state te standaardiseer, word tendense blootgelê wat die Kerk in die breë tot voordeel strek. Die funksie van gemeentelike ondersteuning word aansienlik bevorder deur die beskikbaarheid van 'n gesentraliseerde finansiële databasis. Daarsonder sou dit nie moontlik wees om gemeentes met finansiële advies te bedien nie, en is die rol wat die Afdeling Interne Oudit hierin speel voor die hand liggend.

Voeg hierby die feit dat die Afdeling Interne Oudit die Kerk ondersteun by die indiening van gekonsolideerde inligting ten opsigte van Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet.

4.3 **Argief, Museum & Biblioteek**

Die funksie word beman deur 'n Argivaris en 'n Bibliotekaresse.

4.4 **Kommissies van die Algemene Kerkvergadering**

Die bekostiging van die aktiwiteite van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering vind hier neerslag. Daarmee saam is daar die ander kommissies van die Algemene Kerkvergadering wat omsien na die uitvoering van besluite van die vergadering. Die skribaats speel 'n sentrale rol in kerkwees en koördineer aktiwiteite soos die Kerkorde dit uitspel.

4.5 **Konservatorium**

Die Konservatorium lewer 'n belangrike funksie met betrekking tot die opleiding van orreliste. Tans word dienste ingekoop op deeltydse basis, en ongeveer 23 studente word opgelei.

4.6 **Teologiese Opleiding (UP en Hervormde Teologiese Kollege)**

Teologiese opleiding in die Kerk was die afgelope jare onder die soeklig met betrekking tot die ooreenkomste wat tussen die Kerk en die Universiteit van Pretoria bestaan en verder ontwikkel het. Hierdie begroting maak voorsiening vir die ooreengekome ses dosente van die Hervormde Kerk. Hierdie dosente word bekostig op die basis van 30% van koste vir die Kerk terwyl die Universiteit 70% bekostig. Daarby is daar bepaalde uitgawes ten opsigte van die Hervormde Teologiese Kollege.

4.7 **Studentebearbeiding**

Studentebearbeiding is 'n prioriteit vir die Kerk, aangesien hierdie jongmense toekomstige gemeentes sal vorm.

By elke studentegemeente word gepoog om alternatiewe befondsingsmoontlikhede na te vors en te implementeer ten einde die gemeentes minder afhanklik van subsidie te laat funksioneer. Studentebearbeiding is egter belangrik, en daarom sal rasionalisering omsigtig toegepas word.

4.8 **Apostolaat**

4.8.1 *Raad vir Apostolaat: Teologiese Opleiding*

Die 67ste Algemene Kerkvergadering het die vestiging van 'n Instituut, naamlik die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM), goedgekeur. Dié Instituut lewer 'n belangrike funksie in die opleiding van predikante vir die MRCC en ander kerke, sowel as die uitbou van gemeenskapsaktiwiteite.

4.8.2 *Raad vir Apostolaat: Sending*

Die MRCC, ons susterskerk, word finansiële ondersteun ten einde Woordverkondiging te onderhou.

5. **Ander hulp en bystand**

5.1 **Hulp aan gemeentes**

Hierdie hulp aan gemeentes is meer bekend as subsidie wat toegeken word uit die Fonds vir Gemeenteopbou. Veël is al gesê oor die subsidie en dat die bedoeling daarvan onder andere is om gemeentes wat beduidende ekonomiese agteruitgang ervaar, vir 'n bepaalde oorgangperiode te ondersteun. Die doelwit is dus om gemeentes te ondersteun in 'n opboufase, wat impliseer dat hulp net vir 'n bepaalde tyd voorsien kan word.

Daar is ook vir vanjaar 'n nuwe dimensie tot hierdie hulp gevoeg. In breë behels dit om, as deel van praktykvorming, voornemende proponente die geleentheid te bied om praktiese ervaring in 'n gemeente op te doen. Dit sou beteken dat gemeentes finalejaarstudente na afloop van hul studies vir 'n periode van sê drie maande *in diens neem* en blootstel aan die funksionering van 'n gemeente. Hierdie voorsiening het ten doel om sodanige gemeentes finansiële by te staan in die proses van vorming van jong proponente.

5.2 **Hulp aan emeriti**

Die 65ste Algemene Kerkvergadering het in die lig van stygende mediese-fondskoste en die statutêre wysiging aan subsidiebeleid dit goedgekeur dat 'n bedrag van R1,00 per belydende lidmaat begroot word om emeriti van die Kerk

finansieel by te staan. Aangesien die bedrag gekoppel word aan die verwagte belydende lidmaattal, neem die voorsiening dienooreenkomstig af.

5.3 **Bedryfsrekeninge: Geboue (Dirk van der Hoffgebou en Barton Keep)**

Die bedrag verteenwoordig die netto koste vir die bedryf van die sinodale geboue.

5.4 **Rentefonds**

Die rentefonds het 'n oorsprong in die verskil tussen rente betaal en rente ontvang, waarvan die grootste komponent in die Kerkgeld-vir-Kerkwerk-stelsel gesetel is. In breë trekke beteken dit dat rente betaal word op kapitaal van ongeveer R66 miljoen (begroot vir Januarie 2002), terwyl rente vir die jaar 2002 op ongeveer R29,7 miljoen (delgingsfondskapitaal uitgesluit) verdien behoort te word.

In teorie kom dit daarop neer dat die kapitaal wat deur die begrotingspos beskikbaar gemaak word, belê sal word om die kapitaalgaping tussen die komponente van die tekort oor tyd uit te wis. Uiteraard sal meer kapitaal op belegging hoër rente-opbrengs tot gevolg hê, en die rentetekort derhalwe ook afneem.

In praktyk blyk dit dat, om hoofsaaklik drie redes, dit nie presies so realiseer nie:

- Onbegrote kontantuitvloei en
- begrote kontantinvloei wat nie realiseer nie.
- Die begrote rentekoersmarge tussen lenings aan die Raad en beleggings van die Raad wat aansienlik afgeneem het.

5.4.1 *Onbegrote kontantuitvloei*

In terme van die onbegrote kontantuitvloei, kan die beskouing geneem word dat in plaas van finansiële beleggings te maak, daar eerder in (byvoorbeeld) die opleiding van predikante belê word. Dit op sigself is eerbaar en vorm deel van die kerkweesbeskouing. Hou in gedagte dat daar nie 'n finansiële opbrengs (rente) ter sprake is nie, en dus eerder rentelose beleggings is. Weens die groeipotensiaal van die rentetekort sal dit wys wees om, vanuit 'n finansieringsoogpunt, in die sinodale begroting daarvoor voorsiening te maak of 'n alternatiewe benadering tot studielenings te oorweeg. Die geleentheidskoste wat so verbeur word beloop, teen 'n rentekoers van 10%, ongeveer R400 000 per jaar.

5.4.2 *Begrote kontantinvloei wat nie realiseer nie*

Die uitstaande bedrae aan debiteure (dit wil sê begrote inkomste wat nie realiseer nie) is die mees sprekende voorbeeld van begrote kontantinvloei wat nie realiseer nie. Debiteure word allerweë as 'n bate beskou, dog dit kan slegs teen 'n premie aanvaar word, naamlik rente. Dit teer op die begrote kapitaalinvloei van die rentefonds, en verskraal die potensiaal om bykomende kapitaal op belegging te plaas.

Dit is daarom van kardinale belang dat gemeentes uitstaande debiteure stiptelik sal vereffen.

5.4.3 *Die rentekoersmarge*

Die rentekoersmarge speel 'n belangrike rol in die realisering van inkomste tot voordeel van die tekort. In die tydperk waar markkoerse ongeveer 20% behaal het en gemeentes en organe van bystand 10% by die Raad verdien het, kon die rentemarge van 10% 'n beduidende buffer wees om die rentetekort te diens. In die laaste tydperk het die marge verklein van hierdie 10% tot ongeveer 0,6% met die verhouding na die verkeerde kant, aangesien die lenings aan die Raad tot beleggings van die Raad ongeveer in 'n 3 : 1 verhouding staan – vandaar die omvang van die rentefondsvoorsiening in die begroting.

Die oorweging van die netto resultaat van bogenoemde komponente dui op die noodsaaklikheid van noulettende kontantbestuur deur alle partye. Die rentefondsbegroting verteenwoordig die grootste komponent van die sinodale begroting en vereis derhalwe dat besondere aandag aan die bestuur daarvan gegee sal word.

6. Afsluiting

Heffings is die finansiële verpligting ten opsigte van die bedieningsplan wat die Algemene Kerkvergadering telkens goedkeur, en is die verantwoordelikheid van elke gemeente en lidmaat van die Kerk.

Dit maak die fondse beskikbaar om die aktiwiteite wat die Kerk inisieer, te kan implementeer.

Bylae C

Toepaslike Skrifgedeeltes en gebede

Gebed voor die erediens

Onse Vader in die hemel, ons dank U vir hierdie Sondag, waarop ons kan rus van ons werk. Ons dank U dat ons as gemeente ook op hierdie dag in die erediens byeen kan kom om U te aanbid en dien. Ons gebed is dat U self nou deur u Gees teenwoordig sal wees. Wil U deur u Gees die prediker lei en inspireer sodat ons deur die prediking u Woord sal hoor. Vergewe ons sonde en maak ons waardig om U te ontmoet.

Dit bid ons in die Naam van Jesus Christus ons Here. Amen.

Gebed voor die erediens

Here, ons God en Vader, ons het u Woord so nodig, want u Woord is die lig op ons pad, u Woord is die Waarheid, u Woord is ons lewe. Ons dank U dat ons bevoorreg is om weer in hierdie erediens u Woord te hoor. Ons bid vir die prediker wat u Woord moet verkondig. Wil U self deur u Heilige Gees die Woord vir die prediker open. Open ook ons ore en harte sodat ons u Woord sal hoor en glo en daarvolgens sal lewe. Laat ons in hierdie erediens opnuut bewus word van u teenwoordigheid.

Dit bid ons, net as U wil, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Erediensbywoning

Lees Hebreërs 10: 25

Gedagte

Die samekoms van die gemeente of erediens is 'n gawe wat God aan gelowiges gee.

Dit is die plek waar ons saam as gelowiges kan luister na God se Woord.

Dit is ook 'n geleentheid waar ons mekaar kan ondersteun en bemoedig en bystaan.

Elke gelowige word dringend aangespoor om God te eer en sy naaste lief te hê. Die tyd is min.

Erediensbywoning

Lees Matteus 18: 20

Gedagte

Gelowiges het 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar en moet bekommerd wees oor mekaar.

Ons is lief vir julle.

Ons is bekommerd oor jou/jul meelewing en wil hê dat jy/julle saam met ons in die vreugde van die erediens en gemeentelike lewe sal deel.

Erediensbywoning

Lees Romeine 10: 11-21

Gedagte

Verse 13 tot 15 sê duidelik waarom ons die erediens moet bywoon, en dit verduidelik hoe ons deel kry aan die redding.

- Iemand word geroep om te preek.
- Die inhoud wat hy moet preek, is dit wat Jesus Christus gedoen het.
- Hulle wat hoor wat Jesus gedoen het, kan dit glo.
- Hulle wat glo wat Jesus gedoen het, kan die Naam van die Here aanroep.
- Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Gebed

Ons Vader wat in die hemel is, ons dank U dat U ons Vader is en dat U met ons praat. Ons dank U vir die voorreg om u Woord te kan hoor. Ons dank U dat ons kan hoor dat U ons liefhet en dat U ons uit genade gered het. Ons dank U dat U in u Woord ons ook leer hoe U wil hê dat ons moet lewe. Ons bid dat U ons op u pad sal lei, en waar ons ons eie pad wil loop, vergewe ons en bring ons op u pad.

Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Redding/verlossing

Lees Johannes 3: 16, Johannes 3: 36 en Johannes 5: 24

Gedagte

Die kern van die Christelike geloof is die verlossing in en deur Jesus Christus. Hierdie verlossing word werklikheid vir elkeen wat in Jesus Christus glo. Verlossing beteken dat ek nie meer slaaf van die sonde is nie, maar vrygemaak is om as kind van God te lewe.

Geloof in Jesus Christus vra van u en my as gelowiges gehoorsaamheid aan God. Gehoorsaamheid word 'n lewenswyse wanneer ons die liefdesgebod uitleef: Lief vir God bo alles, en lief vir ons naaste soos vir onself.

Ons leer gehoorsaamheid ken wanneer ons na die Woord van God luister. Daarom woon ons die erediens by, hou ons huisgodsdien, en soek ons na die wil van God vir ons lewe in ons persoonlike stiltetyd.

Gebed

Hemelse Vader, ons dank U vir u verlossende genade in Jesus Christus. U het ons vrygespreek deur sy bloed aan die kruis. Laat ons daarom op U alleen vertrou, en in Jesus Christus alleen ons redding vind. Leer ons om, vrygemaak van die sonde, vir U alleen te leef. Skenk aan ons opregte geloof, dat ons sal luister na wat U sê, in Jesus Christus sal glo, en nou reeds sal lewe met die oog op die ewige heerlikheid.

Ons bid in die Naam wat bo elke ander naam is: Jesus Christus, ons Verlosser. Amen.

Opregtheid

Lees Matteus 7: 15-27

Gedagte

Opregtheid beteken dat mense op my kan vertrou in alle omstandighede. Dit vra van my as gelowige om altyd eerlik en ongeveins te wees. Die toets vir ware karakter is om te antwoord op dié vraag: Wat sal jy doen waar niemand jou ken nie?

My woorde en dade moet met mekaar ooreenstem. Ons onderneem so maklik allerhande dinge, maar bereken nie altyd die tyd en krag wat dit gaan vra om dit ook te doen nie.

Laat ons daarom ons bouwerk op die stewige fondament, Jesus Christus, doen. Dan alleen sal dit vir ons moontlik, ja, selfs maklik wees, om in opregtheid teenoor alle mense op te tree.

Gebed

Almagtige God, U ken my deur en deur. U weet waar ek swak is en waar ek struikel. Here, U weet wat dit vir my moeilik maak om altyd opreg te wees. Neem daarom weg wat skeiding maak tussen U en my, en leer my om die voorbeeld van Jesus Christus na te volg. Maak my in my woorde en dade opreg teenoor U en my medemens. Here, maak my opreg soos U van u kinders verwag, want net U ken my waarlik.

Ons bid in Jesus Christus se Naam. Amen.

Vriendskap

Lees Johannes 15: 12-17

Gedagte

Die wesenskenmerk van vriendskap ooreenkomstig Gods Woord is *Liefde* van dieselfde gehalte as die liefde van Christus vir sy vriende, dit is die uitverkorenes. Dit is om lief te hê soos Christus jou liefhet: met die bereidheid om jou lewe vir iemand af te lê.

Wie Christus se vriend is deur hierdie liefdesbetoon van Christus, is die een wat in geloofsdankbaarheid op Christus se liefdesbetoon reageer met die doen van dit wat Christus sy vriende beveel om te doen. Dit is om uit te gaan en vrugte te dra wat hou. Hierdie vrug is die uitleef van die groot liefdesgebod tot God en die naaste, met alles wat dit inhou.

Soek jy na ware vriendskap, soek dan jou vriende onder hierdie vriende van Christus.

Gebed

Ons getroue en liefdevolle Hemelse Vader, U ken ons behoefte aan ware vriendskap maar ook die vele teleurstellings en hartseer wat vriendskap al meegebring het. Ons dank U dat ons Here Jesus Christus vir ons die voorbeeld kom stel het van volmaakte vriendskap. Leer ons om vir ander ware vriendskap te bied deur ons dankbare geloofsgehoorsaamheid aan die liefdesgebod soos beveel deur Christus. Amen.

Armoede en ellende

Lees Psalm 72: 13

Gedagte

Die meeste van ons weet nie wat dit is om een aand honger of koud te gaan slaap nie. Tog is armoede 'n realiteit in ons dag en tyd en baie mense word daardeur geraak. Sulke omstandighede is baie swaar. Allerhande gevoelens kom by 'n mens op – bangheid, onsekerheid, moedeloosheid, bitterheid, bekommernis.

In sulke tye is daar wel een om aan vas te hou en wat sal sorg en voorsien deur sy Goddelike ingryping. Hy sê in vers 13 dat Hy Hom sal ontferm oor die behoeftige en die arm mense sal beskerm. Mag ons aan sy beloftes vashou.

Gebed

Heer, help ons om aan u beloftes vas te hou al lyk dit vir ons of u beloftes onmoontlik in ons lewens 'n realiteit kan word. Help ons om vas te hou aan ons geloof dat U getrou is en dat U sal sorg.

Dankie vir u genade wat U sê vir ons genoeg is. Amen.

Ouderdom

Lees Prediker 12: 1-7

Gedagte

Salomo, in al sy wysheid, beskryf met pragtige beelde vir ons die ouderdom wat sy tol kom eis op ons fisieke kragte, stamina en ons menslike vermoëns, wat ons dalk eens as vanselfsprekend aanvaar het.

Die oë wil nie meer sien nie, daarom word die helder, verblindende son selfs donker; die malers hou op met maal, want die tande is nie meer wat dit was nie; die amandelboom is in bloei en wys op die hare wat nou spierwit is...

As 'n mens geseënd is om hierdie dinge te mag beleef, as jy oud geword het, sê Salomo vir ons, is dit wonderlik om te weet dat die begin van die Ewige Lewe saam met God naby is. Dit is die grootste oomblik in jou lewe wat wag – om God van aangesig tot aangesig te kan ontmoet – en wat nou aanbreek.

Hierdie aardse lewe kon jy gebruik het as die opwarmingsrondtes vir die ware lewe. Die Here het jou ook geseën met baie geleenthede, sodat jy jou deeglik kon voorberei vir die belangrikste saak in jou ganse lewe.

Gebed

Ons almagtige Hemelvader, U wat van ewigheid tot ewigheid God is: U aanskou ons lewens as mense wat dit aftel met dae, maande en jare, met selfs die woorde van geslag tot geslag.

Baie dankie dat ons ook as ons oud geword het in die vertrouwe kan en mag leef dat U totaal en al in beheer van ons lewens is, al voel alles soms so buite beheer, omdat ons nie meer kan doen wat ons gewoond was om vir onself te doen nie.

Ja, Here, die ouderdom eis sy tol op my fisieke liggaam, op hierdie aardse houer, maar dankie, Here, dat ons mag weet dat U ons nog elke dag innerlik versterk met u genade, al is ons uiterlik besig om te vergaan.

Gee vir ons die krag wat alles oortref, wat U alleen kan gee, sodat ons die ouderdom sal aanvaar en dat ons vrede sal hê, innerlike vrede, Here, omdat ons vertrou, weet en glo: U weet die beste! Amen.

Terminaal siek

Lees Jesaja 53: 1-5

Gedagte

Om gediagnoseer te word met 'n terminale siekte, bring baie vrae by 'n mens. Een vraag is: *Wat is die Here se doel hiermee? Hoe kan ek sy mag in hierdie toestand sien?*

Daar is nie 'n vinnige antwoord nie! Die troos, egter, is dat God hierdie lydensweg van 'n terminale pasiënt ken.

Jesus Christus het al ons lyding op Hóm geneem en so ons las weggeneem. Hy ken al die moontlike vrae en emosies wat by ons spook in of langs 'n siekbed.

Die krag van God wat beleef kan word, is die oortuiging dat Jesus vir die sonde en swakheid van die wêreld wat ons dikwels oorweldig, gesterf het. In Hom is ons nou bevry, ook van 'n siekte wat ons van hoop wil beroof, om op te kyk en 'n ewige genesing te sien in die ewige koninkryk van God.

Gebed

Almagtige Skepper en Vader, U het ons elkeen kunstig aanmekaar geweef in die skoot van ons moeder. U het ons ook by die naam geroep. U ken ons deur en deur. Geen enkele uur in ons lewe is vir U onbekend nie. Ons loof U dat U die wêreld ken waarin ons leef en dat U daarvoor beheer het. Jesus, U het mens geword, soos een van ons. U het die lydensweg geloop en oorwin! Sterk hierdie geloof in ons, Heilige Gees, dat ons nooit Godverlatenheid sal beleef nie.

Want aan U behoort al die koninkryke en al die kragte, al die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Troos by afsterwe

Lees Lukas 16: 19-31

Gedagte

Die dood van 'n geliefde is vir ons verskriklik, dit is vir ons baie seer.

Die dood van 'n geliefde skok ons tot stilstand, sodat ons oor ons lewe en oor ons dood moet dink.

Die dood herinner ons aan Jesus Christus se dood in ons plek en aan sy opstanding.

Ons as gelowiges het God se belofte dat ons deel kry aan die ewige lewe, waar geen pyn of hartseer is nie.

Troos by afsterwe

Lees Johannes 11: 25-26

Gedagte

Die dood van 'n geliefde maak ons hartseer. Selfs Jesus was hartseer by die dood van sy vriend Lasarus.

Ons troos by die dood van 'n geliefde is die opstanding, soos in Jesus se belofte aan Marta.

Die dood is nie meer die einde nie, dit is die weg na die Ewige Lewe by God.

Troos by afsterwe

Lees 2 Korintiërs 5: 1-10

Gedagte

Hierdie lewe word gelykgestel aan die woon in 'n stowwerige tent, en die Ewige Lewe as woon in 'n vaste gebou in die hemel. Ons klou vas aan hierdie lewe, aan die bekende, aan dit wat ons kan sien.

Ons is hartseer omdat 'n geliefde dood is, want ons ken net hierdie lewe. Ons kan in ons hartseer ook vol moed en getroos wees, want God waarborg deur sy Gees dat ons die vaste gebou sal bewoon. Al kan ons dit nie sien nie, glo ons dit.

Gebed

Ons Vader wat in die hemel is, ons dank U dat ons U ons Vader mag noem. U is die Almagtige God, die beskikker van ons lewe en ons dood. Ons harte is seer en ons het nie woorde nie, daarom bid ons dat u Gees vir ons sal intree. Ons bid dat U ons sal troos by die dood van hierdie geliefde. Gee aan hierdie bedroefde familie die geloofskrag om staande te kan bly in hul droefheid. Gee aan hulle die geloof dat hulle sal onthou van die leë graf van Jesus Christus en van al u beloftes.

Troos hulle met u nabyheid. Amen.

Vyandskap

Lees Matteus 5: 10 en 43-48, en Psalm 35: 14

Gedagte

As jy een van die uitverkorenes is aan wie die koninkryk van God behoort, sal jy uit dankbare geloofsgehoorsaamheid daarna strewe om te doen wat reg is. Dit is om alles te doen volgens die wil van God, al hou dit vir jou vyandskap en vervolging in. Deins dus nie terug voor hierdie vyandskap en vervolging nie. Moet ook nie daarop antwoord met vyandskap nie, maar tree op na die opdrag en voorbeeld van Jesus Christus deur jou

vyande lief te hê en vir hulle te bid, want Gods genade sluit hulle ook in. Koning Dawid sê in Psalm 35: Ek het sonder ophou vir hulle gebid soos vir 'n vriend of 'n broer.

Gebed

My troue en liefdevolle Hemelse Vader, dit is vir my tot skaamte en verdriet dat vyandskap 'n verhouding met 'n medemens skaad. Laat u volmaakte Goddelike liefde my dwing om hierdie mens aan u genade op te dra, vir hom lief te wees en vir hom te bid.

So is dit in liefde my opregte bede dat U sy hart sal aanraak deur u liefde en genade, sodat ons hierdie vyandskap uit die weg kan ruim tot u eer. Amen.

Vyandskap

Lees Matteus 5: 43-48

Gedagte

Jesus gee die opdrag om vir jou vyande te bid en dat jy selfs vir hulle moet lief wees. God sorg mos vir almal van ons!

In die wêreld verwyd en vervolgd mense mekaar, maar in die gemeenskap van die gelowiges moet dit nie so wees nie.

Ons moet juis anders wees as die wêreld.

Wanneer ons soos Jesus leef, word ons gekenmerk as kinders van ons Vader in die Hemel.

Gebed

Ons Vader wat in die Hemel woon, deur u Gees woon U ook in ons. Neem ons in u besit, Heilige Gees, sodat ons meer en meer soos Jesus sal leef. Skep in ons 'n gees van verdraagsaamheid en vergifnis. Maak ons geduldig met almal om ons. Dankie dat U ons waardig genoeg geag het om u beeld in ons te skep. Maak ons u troue rentmeesters hier op aarde. Ons bid dat u wil in ons gedagtes, woorde en daede sal geskied.

In die Naam van Christus, ons Verlosser. Amen.